## Les 29 GOD SORG VIR SY KINDERS DEUR PA'S EN MA'S SO VAS TE BIND DAT HULLE EEN IS

### 1. God sorg vir agterkleinkinders, en so hou dit aan

God sorg nie net vir kinders nie. God sorg vir kleinkinders. Maar God sorg ook vir agterkleinkinders en agter-agterkleinkinders. En so hou God aan sorg vir kinders.

Wat is 'n agterkleinkind?

Wat noem 'n mens jou pa se pa? Jou pa se pa, is jou oupa. Jy noem hom "oupa" as jy met hom praat. Maar jou oupa het mos óók 'n pa gehad. Jou pa het jou oupa se pa, "oupa" genoem. Maar as jou pa se oupa nog leef, wat moet jy hom dan noem? Dan moet jy hom "oupagrootjie" noem. Wat dink julle sal jou oupagrootjie jou noem? Hy gaan jou sy agterkleinkind noem. Dit beteken die kleinkind wat ná sy kleinkind kom, sy kleinkind se kind.

Die Here se belofte om vir Sy kinders te sorg, is 'n belofte wat nooit ophou om te werk nie. Kyk hoe klink die Here se belofte aan Abraham: *"[7]Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag."* (Gen.17)

Die Here het aan Abraham belowe Hy sal ook vir sy agterkleinkind Josef sorg, al het Abraham nie vir Josef ooit self geken nie. Dit is wat die woord "nageslag" beteken: dit is al die kinders en hulle kinders en húlle kinders, en so hou hierdie belofte van die Here om te sorg, net aan en aan.

Dit is hoe die Here ook vir ons sorg. Hy was die Here wat vir ons oupa- en oumagrootjies gesorg het. En Hy gaan ook vir jou agterkleinkinders sorg, net soos wat Hy vir jou sorg. Daarom noem die Here Sy belofte om vir Sy kinders te sorg, 'n blywende verbond. Dit is 'n belofte wat die Here maak, wat altyd bly werk.

Kyk hoe ver vorentoe en hoe ver agtertoe sorg God vir Sy kinders*: "[6]maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam."* (Exodus 20)

### 2. God sorg vir kinders deur hulle ouers aan mekaar vas te bind

Deur hoeveel pa's maak die Here 'n kind? Net een! Deur hoeveel ma's maak die Here 'n kind? Net een! Die Here maak 'n kind net deur een pa en een ma. Daarom kan 'n kind ook net een pa en een ma hê deur wie hy gemaak is.

Hierdie band wat die Here maak tussen ouers en kinders, is onverbreekbaar. Dit is altyd daar. Elke kind weet hy of sy is net deur een pa en een ma gemaak, en daarom

wil ’n kind altyd vasgebind wees aan daardie pa en ma. Dit is hoe Here kinders maak. Hulle wil by hierdie pa en ma wees en as hulle weg is van mekaar, dan het die Here kinders só gemaak dat hulle na hierdie pa en ma verlang.

Kyk hoe sorg die Here vir hierdie kinders wat Hy só vasbind aan hulle pa’s en ma’s:

*[20]Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie ’n helper, ’n gelyke, gekry nie. [21]Toe het die Here God ’n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe ’n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, [22]en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot ’n vrou en bring haar na die mens toe. [23]Toe sê die mens: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.” [24]Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.” (Gen.2)*

Hier wys die Here ons hoe Hy pa’s en ma’s gemaak het. Die Here het die vrou uit die man gemaak. Mans en vrouens is nie twee aparte spesies wat die Here gemaak het nie. Mans en vrouens is uit dieselfde gene gemaak.

Wat gebruik ons om huise mee te bou? Ons gebruik stene. Stene is eintlik maar ’n klomp klein, langwerpige klippe wat mense self maak. Mense vat klei en water en bak dit sodat hulle eintlik vir hulleself klippe maak wat bymekaar pas en opmekaar pas, sodat hulle met hierdie klippe wat op- en bymekaar pas, huise kan bou.

Toe die Here mense gemaak het, het Hy ook iets gebruik wat amper soos stene is. Die wetenskaplikes noem hierdie klein boublokkies waarmee die Here mense bou, gene.

Kyk nou wat sê die Here: Hy maak pa’s en ma’s só dat hulle uit dieselfde gene kom. Dit beteken nie maar net die Here het pa’s en ma’s uit dieselfde stene gemaak nie. Dit beteken ’n pa en ma is een steen!

Gaan staan bietjie by ’n huis en kyk na die stene waarmee die huis gebou is. As jy nou een van hierdie stene vat en middeldeur breek, dan het jy twee dele van een steen. En daar waar hierdie steen gebreek is, kan net hierdie twee dele van die steen weer bymekaar pas.

Wanneer die Here pa’s en ma’s maak, dan maak hy hulle só dat hulle twee dele van een steen is. Hulle word een steen omdat hulle opmekaar en inmekaar pas. Dit is hoe die Here mense maak. Mense is soos huise. Hulle is groot groepe, maar alle groepe mense word opgebou deur stene – en hierdie stene is pa’s en ma’s wat op- en inmekaar pas.

Pa’s en ma’s is een steen wat op- en inmekaar pas. Dit is hoe die Here hulle maak. Hulle is nie sommer maar net twee stene wat met ’n bietjie sement aan mekaar

vasgesit is nie. Pa's en ma's is nie maar net met 'n bietjie liefde, of net met geld, of net met gelukkigheid aanmekaar gesit nie. Hulle is só aan mekaar vasgemaak deur die Here, dat hulle werklik één is, en in- en opmekaar pas. Hulle is een steen. Geen ander man kan by jou ma pas soos wat die Here jou pa aan jou ma vasgebind het nie, en geen ander vrou kan só pas by jou pa, as wat die Here jou ma aan jou pa vasgebind het nie.

**3. Dit is hoe God kinders tot in die duisendste geslag versorg en beskerm**

God maak pa's en ma's een. Dit is nie pa's en ma's wat hulleself een maak nie. Hulle kan mekaar liefhê en vriendelik wees met mekaar, omdat die Hére hulle een maak. Maar al is hulle kwaad vir mekaar en baklei hulle met mekaar, bly hulle nog een. Hulle bly een steen. Want dit is hoe God hulle aan mekaar vasbind.

Wanneer hulle nie meer glo hulle is een nie, en sommer maak asof hulle nie meer in- en bymekaar pas nie, dan kry hulle verskriklik seer. So seer dat hulle agterkom hulle kan nie sommer net uitmekaar gaan nie. Hulle raak sommer deurmekaar, verloor die lus om te werk en te leef, en raak eensaam en voel verlate. Met al hierdie seerkry wat hulle voel as hulle nie by en met mekaar wil wees nie, sorg die Here dat hulle een bly.

Op hierdie manier sorg die Here dat kinders se pa en ma vasgebind is, want kinders is aan hulle pa's en ma's vasgebind en kry verskriklik seer as hulle nie saam en by hulle pa's en ma's kan wees nie.

**4. Maar die Here sorg vir Sy kinders ook op ander maniere**

Kyk hoe sorg God vir iemand wat nie 'n pa het nie:

[19]*Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek.* [20]*Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees.* [21]*Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* (Matt. 1)

Hierdie is die Kersfeesboodskap van Jesus se geboorte. Die Kersfeesboodskap wys ons dat God vir kinders op ander maniere ook sorg, as hulle nie 'n pa en ma het nie. God het Jesus gemaak. Daarom het Jesus nie sy eie pa wat Hom gemaak het nie. Dit beteken dat Jesus eintlik net met sy ma sou moes grootword.

Maar die Here verskyn aan Josef, wat aan Jesus se ma verloof was, en sê vir Josef hy moet met Maria trou. Hoekom? Want hy moet Jesus as seun aanneem en as sy

eie seun grootmaak. Hy moet Jesus se aanneem-pa wees. Dit is ’n ander wyse waarop God vir Sy kinders sorg: Hy kan vir hulle ook aanneem-pa’s en -ma’s gee om vir hulle as kinders te sorg.

Onthou julle nog wat Josef gesê het vir sy broers? *“[19]Maar Josef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. [20]Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat ’n groot volk nou in die lewe gebly het.”(Gen. 50)*

Pa’s en ma’s is ook mense en kan kinders baiekeer kwaad aandoen. Die manier waarop hulle kinders kwaad aandoen, is om die band wat die Here tussen hulle as man en vrou gemaak het, stukkend te maak en te breek. En dit is die band wat kinders aan hulle ouers vasbind. Daarom kry kinders baie seer as ouers hierdie band tussen hulle breek.

Maar die Here se kinders kan ook vir hulle pa’s en ma’s sê: Julle het my kwaad aangedoen, maar God wou daardeur goed doen. Die Here gebruik ook die seer wat ouers veroorsaak wanneer hulle die band tussen hulle as man en vrou stukkend maak, en dan doen Hy iets goeds vir Sy kinders deur hierdie kwaad.

Dit is wat die woorde van die Here beteken: dit is ’n blywende verbond, Hy sal ons God wees en Hy sal ook vir die kinders van ouers, God wees. Die Here se belofte is groter as die ouers. Wanneer die ouers van kinders hulle seermaak en nie meer vir hulle pa en ma wil wees nie, dan bly die Here nog God vir hierdie kinders. Hy sal aanhou sorg vir kinders aan wie Hy hierdie belofte gemaak het: “Ek sal julle God wees en julle sal my kinders wees.”

Die Here hou nooit op om vir ons te sorg nie, ook al maak ouers hulle kinders baie seer en los hulle om sonder ’n pa of sonder ’n ma te moet grootword. God bly altyd die God wat vir Sy kinders sorg.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog